

SA GEMEENTE – VERENIGDE KONINKRYK

Dr Ferdie Clasen deel die volgende...

Die SA Gemeente in die VK bestaan sedert 1994, alhoewel die bediening in die buiteland reeds meer as 50 jaar gelede begin het! Die gemeente bedien hoofsaaklik Afrikaanssprekende lidmate, maar daar word ook ruim voorsiening gemaak vir Engelssprekende persone. Die afgelope paar jare het die gemeente baie veranderinge ondergaan, hoofsaaklik omdat baie lidmate terug is na Suid-Afrika. Die gemeente bedien egter steeds ongeveer 1800 lidmate by sewe verskillende eredienspunte regoor Engeland. Die gemeente word in drie wyke verdeel: die Noordwyk (al die gebiede Noord van London) word deur ds Andre Harmzen bedien; die Londonwyk deur dr Rian Steyn en die Suidwyk (al die gebiede suid van London), deur dr Ferdie Clasen.



Ons glo die kerk is 'n familie wat naby die Here lewe en sy liefde met die wêreld deel. Daarom het ons ons roeping as volg geformuleer: “Die SA Gemeente is 'n geestelike tuiste vir wêreldreisigers”. Terwyl ons glo dat mense moet “tuiskom” in ons gemeente, is ons deeglik daarvan bewus dat die kerk 'n eiesoortige (“geestelike”) tuiste is wat primêr gekenmerk word deur ons verhouding met die lewende Here. Die begrip “wêreldreisigers” sinspeel natuurlik op die lewenswyse van die meeste van ons lidmate, maar die ware betekenis daarvan lê op 'n veel dieper vlak..., ons glo immers die Here wil ons gebruik waar ons ookal leef en werk... en reis!

Die lidmate van die SA Gemeente speel 'n belangrike rol in plaaslike gemeenskappe regoor die lengte en breedte van Engeland. Dié rol verskaf aan ons baie vreugde, maar stel ook baie uitdagings. Bid asseblief saam met ons dat die Here ons steeds sal toerus om dit so goed as moontlik en tot sy eer te doen!

En as julle weet van iemand wat op pad is Engeland toe... onthou asseblief om hulle te vertel dat hier 'n gemeente is wat hulle graag op hulle nuwe reis wil help om tuis te kom... kontak dr Clasen gerus by info@sagemeente.com



SA GEMEENTE EREDIENSPUNTE